

**Woensdag 12 Junie**

**Skrifgedeelte: Eksodus 4:18-31**

**Fokusgedeelte: Eksodus 4:24-26**

**Die Here vereis dat die doop bedien word**

Moses en sy gesin was op pad na Egipte. Hy was deur die Here geroep om Israel uit Egipte uit te lei.

Die Here het Moses op 'n besondere manier toegerus vir hierdie geweldige taak. Eerstens is hy tot op 40-jarige ouderdom in die farao se paleis geskool in leierskap. Daarna was hy vir 40 jaar 'n skaapwagter en so het hy die woestynlewe leer ken. Ook toe die Here hom geroep het en hy beweer het dat hy nie goed kan praat nie, is sy broer Aäron aangewys om hom te help. Moses is ook deur die Here in staat gestel om wonderwerke te doen, sodat die Israeliete en die farao sou weet dat dit die Here is wat hom gestuur het om Israel te verlos.

Een nag, op pad na die farao, wou die Here vir Moses doodmaak. Moses kon toegelaat word om met sy taak voort te gaan, want hy het die verbond van die Here verbreek, toe hy die besnydenis van een van sy seuns nagelaat het (Gen. 17:14).

Deur hierdie geweldige, onverwagse ingrype is Moses tot stilstand geruk. Hy moes leer en ons moet leer dat watter posisie ons ook al beklee, hoe belangrik ons taak vir ons mag lyk en hoe toegerus ons ook al daarvoor is, die Here nog steeds eis dat ons aan Hom gehoorsaam moet wees.

Die wyse waarop daar redding vir Moses gekom het deur die besnydenisbloed van sy seun, is ook 'n heenwysing na die bloed van Jesus Christus waardeur daar redding en nuwe lewe vir sy kinders gekom het.

In die Nuwe Testament het God die doop in die plek van die besnydenis ingestel (Kol. 2:11, 12) om aan ons en ons kinders sy verbond te verseël (Hand. 2:38, 39). Laat ons dan om geen rede die bediening daarvan agterweë laat of dit onnodig uitstel nie.

*Sing: Skrifberyming 16-1:1, 2*

*Ds. JB du Plessis (Jan) (Emeritus)*